Nederigheid

Fil. 2:1 "As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is,
:2 maak dan my blydskap volkome deur **eensgesind** te wees en **dieselfde liefde** te hê, **een van siel**, **een van sin**.
:3 Moenie iets doen uit **selfsug** of uit **ydele eer** nie, maar in **nederigheid** moet die een die ander **hoër ag as homself**.
:4 Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n.
:5 Want hierdie **gesindheid** moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.
:6 Hy, wat in die **gestalte van God** was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,
:7 maar het **Homself ontledig** deur die **gestalte** van 'n **dienskneg** aan te neem en aan die **mense gelyk** geword;
:8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy **Homself verneder** deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die **dood** van die **kruis**."

Paulus praat hier van een van die belangrikste dinge in die lewe van elke mens hier op aarde, en dit is **nederigheid**.

Ons sien in hierdie gedeelte hoe **Jesus Christus** wat self **ook God** is; in die **gestalte van 'n mens** ,na die aarde neergedaal het.

Die Woord van God sê: "Hy het **Homself ontledig** deur die **gestalte** van 'n **dienskneg** aan te neem."

Volgens die Srongs Hebreeus – Griekse woodeboek beteken dit: "**To make empty**; of **no reputation**; **void**; **be - in vain**." Dit beteken om **nutteloos te wees**.

Dit beteken Jesus Christus het **Homself leeg gemaak**. Jesus het Sy **Goddelike troon** in die **hemel verlaat**; en die gestalte van 'n slaaf hier op die aarde kom aanneem.

"**Void**", beteken om te **ontrium**, Jesus het Sy Goddelike Glorie wat in Hom was ontrium, om die **gestalte** van '**n mens** aan te neem. Hy het Sy Goddelike gestalte in die hemel ontrium, om as '**n mens** hier op die aarde te kom **sterf**.

Hy het **Homself ontledig**; Hy het **Homself ontrium** van Sy ewige heerlikheid en ontsterflikheid, om in die sterflike vlees te kom woon; en om sodoende ons **almal** daardeur **te verlos**.

Tog glo ek terwyl Jesus hier op die **aarde gewees** het , het **Sy troon** in die hemel nie leeggestaan nie, want God is **Soewerein**, terwyl Hy hier op die

aarde **as 'n mens** gewees het , het Sy glorieryke heerlikheid nog steeds in die **hemel geskyn**.

Daarom kon die stem van God uit die hemel speek, terwyl Hy as **'n mens** hier op die **aarde** gewees het.

Mat 3:17 "En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my **geliefde Seun** in wie Ek 'n welbehae het." God is onbeperk.

Die **groot Almagtige God**, die **Soewereine God** kom aarde toe, Hy **ontledig** Homself, Hy verklaar Homself **nutteloos**, Hy verklaar Homself **nietig**, Hy kom woon op die aarde as die **Seun van 'n timmerman**;

Hy kom as iemand op wie **almal neersien**. Jesus kom woon op die aarde sonder **enige waardigheid**. Hy het Homself ontledig, Hy het Homself ontruim.

Jesus kon net sowel as 'n **koning** of as 'n **keiser** na die aarde gekom het, Hy kon die **hoogste posisie** denkbaar hier kom beklee het. Hy kon Homself met goud en met silwer kom beklee het.

Want Ps. 24: 1 sê: "Die **aarde behoort** aan die HERE en die **volheid daarvan**, die **wêreld** en die wat **daarin woon**;"

Jesus kon vir Homself net die **beste** hier op die aarde gegun het. Hy kon die **hoogste aansien** geniet het wat **enige mens** nog ooit hier op die aarde gehad het. Sy paleise kon die aarde volgestaan het.

Maar Hy verkies om eerder die **Seun van 'n timmerman** te wees. Hy verkies om **nederig** te wees, Hy verkies om ontrium te wees van alle glorie en heerskappy. Hy kom nie om te **heers** nie, maar om **te dien**.

Dit is die voorbeeld wat Jesus vir ons aarde toe gebring het.

Jesus het vir ons **verlossing** gebring, Jesus het vir ons **redding** gebring, maar Hy het ook vir ons nederigheid gebring.

Indien Jesus vol van Homself gewees het, indien Hy vol **hoogmoed** en **trots** gewees het, sou Hy nie vir ons die **volmaakte offer** kon bring nie.

Maar Hy het **niks** vir **Homself begeer** nie, Hy het alle ander mense se behoeftes bo Sy eie geplaas.

1 Joh. 2: 16 praat van die "**begeerlikheid** van die **vlees** en die **begeerlikheid** van die **oë** en die **grootsheid** van die **lewe**."

Jesus Christus was **vry** van al hierdie dinge. Daar was geen begeerlikheid in Sy hart nie. Hy was ook ontledig van alle **begeerlikheid** en **singenot** en **sonde**. Hy was aleenlik net gevul met heerlikheid en liefde en genade en nederigheid.

Jesus kon in die pragtigste paleise en wonings hier op die aarde gewoon het, Hy kon in die wonderlikste goue koetse gery het, Hy kon **honderde slawe** en **diensknegte** gehad het om Hom te bedien,

Maar Hy sê: "Ek het nie eers '**n klip** waarop ek **My Hoof** kan **neerlê** nie."

Hy het vir **Homself niks** hier op die **aarde toegeiën** nie, nie eers '**n klip** nie.

Hy sê vir Sy dissipels: "**Gaan haal vir my 'n donkie**" Al wat Hy begeer het was net '**n donkie** om op te ry.

Natuurlik kon Jesus '**n Limosien** bestel het, of 'n **helicopter**, of selfs 'n **Boeing**; Maar nee!!, al wat Hy vra; is net '**n donkie**.

Instede daarvan dat Hy honderde slawe gehad het, instede dat Hy honderde diensknegte gehad het, neem **Hy Self** die **gestalte** van '**n dienskneg** aan, en word **Hy Self** die Dienskneg in ons plek.

Mat 20:28 "net soos die Seun van die mens nie gekom het om **gedien te word** nie, maar **om te dien** en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."

En op die laaste aand voordat hulle **Jesus gekruisig** het, neem Hy die **plek** van '**n slaaf** in. Terwyl hulle aan tafel besig was om te eet, staan Jesus op van die tafel, en Hy begin om Sy dissipels se voete te was.

Dit was die **werk van 'n slaaf**.

Joh 13:13 "Julle noem My **Meester en Here**, en julle is **reg, want Ek is dit**.
:14 As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook **verplig om mekaar** se voete te was.
:15 Want Ek het julle '**n voorbeeld gegee** om, net soos Ek aan julle gedoen het, **ook so te doen**.
:16 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, '**n dienskneg is nie groter** as sy **heer** nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie.
:17 As julle hierdie dinge weet, **salig is julle** as julle **dit doen**."

Salig is hulle wat die **voorbeeld** van Jesus **navolg**. Salig is hulle wat nie hulle eie eer soek nie, maar wat die ander voorgaan in eerbetoning.

Aan die kruis van Golgota neem Jesus die **heel laagste plek** op hierdie aarde in. Hy laat toe dat die sonde van die hele ganse aarde en mensdom op Hom neerkom,

Hoewel Hy Self geen sonde geken het nie , word Hy sonde **in ons plek**; en dra Hy al ons **ongeregtigheid** op Hom en neem Hy al die **skuld** vir ons **sonde op Hom**.

En betaal Hy die **prys van veroordeling** namens ons deur af te daal in die doderyk.

Vandag hoef geen mens wat in Christus sterf weer daar in te gaan nie, want Jesus het **eenmaal vir ons almal daar ingegaan**, om 'n ewige verlosing vir almal te bewerk.

1Pet 2:24 "wat self **ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra** het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is."

In die **nederige gedaante** van '**n dienskneg** het Jesus ons sondes en ons oordele op Hom geneem.

Sal ons **bereid wees** om 'n ander persoon se skuld op ons te neem en sy **boete namens hom te betaal**? Ons sal nie maklik **bereid wees** om 'n ander se oortreding op ons te neem nie.

En die **grootste rede** waarom ons dit nie sal doen nie is ons aansien en ons eer, ons hoogmoed en ons trots.

Enige persoon wat **totaal ontledig** is van al hierdie dinge, sal bereid wees om 'n ander se skuld op hom te neem.

Jesus het **ons plek ingeneem**, sodat Hy ons **laste** kon dra, sodat Hy **ons straf** kon dra; sodat Hy ons in Sy kosbare bloed kon skoonwas van alle **skandvlekke** en **sondeskuld**.

Deur hierdie daad van volkome oorgawe oorhandig Jesus aan ons 'n hemelse burgerskap en Hy sê: "Om dit in **besit te neem** moet julle **My voorbeeld navolg**.

Word nederig, gaan die **een** die **ander** **voor in eerbetoning**.

Joh 1:29 "Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die **Lam van God** wat die sonde van die wêreld wegneem!"

Johannes noem Jesus die **Lam van God**. Dit speek van die absolute reinheid, skoonheid, sondeloosheid, en ook die absolute **nederigheid** en **sagmoedigheid** waarmee Jesus beklee was.

Die **lam** was gebruik as '**n offer** vir die sonde; Jesus Christus word vir **ons** die **offerlam** en Hy sterf in ons plek vir ons sondes.

Die **nederigheid** van hierdie verlossingsdaad van Jesus, moet ook lei tot ons nederigheid.

Nederigheid beteken om van **jouself verlos** te wees, ons moet van **onsself vrygemaak** word. Dit is hoekom daar so baie probleme hier op die aarde is, want ons is nie vry van onsself nie.

Die mens is altyd op soek na **eer** en **roem**, die mens is nie vry van **hoogmoed** en **trots** nie.

Hoogmoed is die oudste sonde aan ons bekend, dit is die **begin** van **alle** ongeretigheid. Dit was die sonde van **Lucifer** in die hemel; en dit is waarom **Lucifer** en 'n derde van die engele uit die hemel **uitgewerp** is. Volgens Jesaja 14.

Ons het nodig dat Jesus Christus -- "**God geopenbaar in die vlees**" -- ons sal **klee** met die nederigheid wat in Hom is.

Ons bid gedurig dat mense verlos word van **rook** en **drank** en **owerspel** en allerhande gruwelike en slegte sondes en gewoontes,

Maar ons moet eerder begin bid dat God ons moet vrymaak van **hoogmoed** en **trots**. Dit is die **verlossing** wat ons vandag **werklik nodig** het!! Om van onsself en van ons hoogmoed en van ons trots bevry te word.

Die **duiwel** is nie ons **grootste vyand** nie, maar ons **begeerlike harte** is ons **grootste vyand**. Die begeerlikheid wat in ons woon is ons grootste vyand.

Dit wek in ons '**n begeerlikheid** na **groot en hoë** dinge. Maar Jesus sê ons moet soos kindertjies word.

Matt 18:3 "en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie **verander** en soos die **kindertjies word** nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!"

Jesus stel vir ons bo alle twyfel die vereiste, indien ons nie **soos kindertjies word** nie, kan ons nie in die hemel ingaan nie. Voorwaar beteken: "**Amen, dit sal so wees**." Dit is 'n **uitgemaakte saak**.

God sal **hoogmoed nooit weer** in die **hemel toelaat** nie. Ons kan nie deel hê aan die skoonheid en die reinheid van die **Lam van God**, indien ons harte met hoogmoed besoedel is nie.

Wat veroorsaak **haat** en **bitterheid**, **tweedrag** en **rusies**, **twis** en **onvergewinsgesindheid**?? Is dit nie maar alleenlik net die hoogmoed en selfliefde wat in ons harte seëvier nie!!

Die mens wil te graag op **sy eie troon sit** en hy gebruik gewoonlik **ander mense** as sy trappies om op te trap om daar uit te kom. Hoe dikwels het **u** al soos **'n trappie gevoel**?

Daar is net **een ding** wat ons vandag moet **begeer**, en dit is die nederigheid van die Lam van God in ons harte.

Ons moet onsself **ontledig**, ons moet onsself **ontruim**. Ons moet soos **lee houers** word en dan moet ons God vra om daardie houers te vul.

Ons moet **niks word** en ons moet **God toelaat** om alles in ons te word.

Matt 11:29 "Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is **sagmoedig en nederig** van hart, en julle sal **rus vind** vir julle **siele**;"

Hoe **voel ons siele** vandag? Dalk kort ons siele so 'n **bietjie rus**? Dalk het ons van Jesus se rus nodig? Dalk het ons van Jesus se **nederigheid** nodig?

Wanneer Jesus in ons harte woon, sal **ons nederig** wees, ons sal ook **vrede** in ons harte hê; teenoor onsself en ook teenoor alle ander mense.

Ons sal ander mense **aanvaar** net soos hulle is en ons sal vir hulle **lief wees** net soos hulle is. Ons sal **rus vind** vir ons **siele**.

Geliefdes as God so nederig is om Sy dissipels se voete te was, dan moet **ons ook so nederig** wees.

"**Amen, dit is 'n uitgemaakte saak**." Dit moet so wees!!!